**DERDE Sondag van die Opstanding**
**Word wakker, leef in die Lig**

Tekste: Gesang 410: 2; Gesang 412: 2; 1 Korintiërs 12: 12-31, 1983; Psalm 103, 1983; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 5: 6-20, 1983.
Liedere: Gesang 422: 1-3; Gesang 425: 1-4; Gesang 247 x 2: Gesang 481: 1-3; Gesang 309: 1-3.

---

## AANKONDIGINGS:

- In 2026 toon die webtuiste van Gemeente Zuurfontein 'n besonder positiewe groei met altesaam 66,868 besoeke. Die meeste verkeer kom uit Suid-Afrika (28,395), gevolg deur 'n beduidende aantal onbekende besoekers (17,561) en internasionale betrokkenheid uit lande soos Indonesië (8,836) en die VSA (5,928). Selfs lande soos Indië, Japan, Rusland, Oekraïne, Australië en Latvia dra by tot die wêreldwye voetspoor van die gemeente. Hierdie statistiek bevestig nie net 'n groeiende digitale teenwoordigheid nie, maar ook dat die inhoud – artikels, Bybelstudies en preke – mense plaaslik én internasionaal bereik en bedien.
- Hartlik Geluk aan almal wat hierdie week verjaar! Vandag, 19 April, verjaar Gerbrandt Engelbrecht. Maandag 20 April verjaar tannie Miemie Venter. Donderdag 23 April, Andre Kotze. Vrydag 24 April Attie Smit, Dassie Weakley en Stefan Janse van Rensburg. Saterdag 25 April is dit Tannie Marga van

Niekerk (86), oom Paul Duvenhage (85), Rika Els en Bianca Botha. Ons dank die Here vir al hierdie genade en wens julle net die mooiste en gesondste dae vorentoe.

- Kom besoek ons Snuffel Mark op Saterdag 9 Mei van 9:00 tot 14:00 en ondersteun 'n betekenisvolle projek van die Vrouebediening. Die doel is om fondse in te samel vir die herstel en onderhoud van ons kerkgebou. Jy kan betrokke raak deur voorbidding te doen, 'n stalletjie teen R200 te huur, of 'n hand by te sit by die kosstalletjie. Skakel gerus vir Elizabeth by 0828705868 om jou betrokkenheid te bespreek. Ons sien daarna uit om jou daar te verwelkom!

## LIEF & LEED:

- 

## KLOK:

Die klok lui en roep ons saam – uit die geraas van die wêreld, in die teenwoordigheid van die Lewende Here. Op

hierdie derde Sondag van die Opstanding herinner die lig van Christus ons daaraan dat sy opstanding nie net ’n oomblik was nie, maar ’n nuwe lewe wat aanhou deurbreek in ons elke dag. Soos ons simbolies drie kerse aansteek, vier ons die groeiende lig van die opgestane Christus wat die duisternis verdryf en ons roep om as mense van die Lig te leef. Laat ons daarom stil word – ons harte oopmaak, ons gedagtes rig – en bewus word van God wat hier en nou by ons is.

## TOETREDE:

Kom staan en dan sing ons Gesang 422: 1-3. Daarna luister ons na die votum en ontvang die seën van die Here. Hierna kan ons weer ons plekke inneem.

## Gesang 422: 1-3 ~ Die Heer, die Heer het opgestaan!

## VOTUM:

Die kruisweg moes Hy gaan om sondaars te verseker: God vergewe! Die prys het Hy betaal, sy dood en graf is

waarborg van die lewe. Met lyding, dood en graf voltooi Hy nie sy taak nie. Hy moes die graf ontsluit - tóé volg die vrug in oorvloed: Ons lewe, ons lewe, want Jesus bring lewe, oorvloed. (Gesang 410: 2).

## SEËN:

Geliefdes ontvang hierdie wonderlike seën van die Here: Vrygespreek deur Christus leef ons as verlostes – Hy't vir ons gely. Wie kan ons nog teenstaan, wie kan ons veroordeel? God self spreek ons vry! Jesus Christus pleit vir ons – deur sy liefde maak Hy sondaars saam met Hom oorwinnaars (Gesang 412: 2).

## VOORLESER:

## LOFLIED:

Gemeente, God het ons met Sy seën gegroet. Laat ons met blydskap daarop antwoord. Kom ons sing tot lof van die Here uit Gesang 425: 1-4 tot eer van die Here.

## Gesang 425: 1-4 ~ Kyk die Heer het opgestaan. Halleluja!

Tekste: Gesang 410: 2; Gesang 412: 2; 1 Korintiërs 12: 12-31, 1983; Psalm 103, 1983; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 5: 6-20, 1983.
Liedere: Gesang 422: 1-3; Gesang 425: 1-4; Gesang 247 x 2: Gesang 481: 1-3; Gesang 309: 1-3.

## WET:

Paulus reageer op die selfgesentreerdheid van Christene deur vir hulle op die nuutmakende werk van die Heilige Gees te wys. Die Heilige Gees bou die kerk op deur gawes aan elkeen in die gemeente te gee. Mense kan gou-gou vergeet dat die Heilige Gees ook aan hulle gawes gegee het. Kom ons luister nou na die wil van God soos opgeteken in 1 Korintiërs 12: 12-31:

12Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en
soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm,
so is dit ook met die liggaam van Christus. 13Omdat ons
almal een liggaam geword het, is ons almal met die een
Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry.
Ons is almal van die een Gees deurdrenk.

14Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit
baie. 15As die voet sou sê: “Omdat ek nie 'n hand is nie,
is ek nie deel van die liggaam nie,” hou hy om dié rede
tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. 16En as
die oor sou sê: “Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel
van die liggaam nie,” hou hy om dié rede eweneens nie
op om deel van die liggaam te wees nie. 17As die hele

---

liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele
liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? 18Maar nou het
God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam
gevoeg soos Hy dit wou hê. 19As almal saam net een lid
was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? 20Nou is daar
wel baie lede maar net een liggaam.

21Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig
nie." Die kop kan weer nie vir die voete sê: "Ek het julle
nie nodig nie." 22Inteendeel, die lede van die liggaam wat
as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, 23en dié wat
vir ons minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word
ons minder aansienlike dele besonder mooi gemaak,
24terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het
die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het
aan die lid wat eer kortkom, 25sodat daar nie verdeeldheid
in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke
sorg vir mekaar dra. 26As een lid ly, ly al die lede saam;
en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

27Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is
elkeen 'n lid daarvan. 28En in die kerk is daar mense aan
wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar

apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik.
29Is almal miskien apostels? Is almal profete? Is almal leraars? Kan almal miskien wonders doen?
30Het almal die genadegawes om mense gesond te maak? Of gebruik almal miskien ongewone tale of klanke en kan almal dit uitlê?
31Lê julle toe op die beste genadegawes..

## SKULDBELYDENIS:

Ons het bewus geword van hoe kwaadwillig ons lewens is. Laat ons ons skuld bely. Kom ons sing Gesang 247 x 2.

## GENADEVERKONDIGING:

Gemeente, die Here verseker ons van sy genade. In Psalm 103 lees ons: "Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met

---

ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien." Geliefdes, kom ons bely nou ons geloof in dié liefdevolle God:

## GELOOFSBELYDENIS:

Ek glo in God die Vader - die Almagtige Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus - Sy eniggebore Seun - ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees - gebore is uit die maagd Maria - wat gely het onder Pontius Pilatus - gekruisig is - gesterwe en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel - en sit aan die regterhand van God - die almagtige Vader - van waar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

AMEN.

## LITURG:

Ons het bely dat Jesus deur sy lyding, sterwe en opstanding vir ons die ewige lewe verwerf het. Laat ons nou saam bid.

## GEBED

## SKRIFLESING: Efesiërs 5: 6-20

6Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei
nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense
wat aan Hom ongehoorsaam is. 7Met sulke mense moet
julle niks te doen hê nie. 8Vroeër was julle die ene
duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as
mense van die lig. 9Uit die lig kom alles voort wat goed en
reg en waar is. 10Vra julle voortdurend af of iets vir die

Here aanneemlik is,
11en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak.
12Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen.
13Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val.
14En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied:

"Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."

15Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges.
16Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.
17Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.

18Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul,
19en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer

van die Here. 20Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.

## PREEK:

Die gevoel van donkerte in 'n mens se lewe gebeur nie oornag nie. Niemand word een oggend wakker en besef: "Vandag het alles donker in my geword" nie. Nee, dit gebeur stiller, stadiger. Die lig in 'n mens se lewe doof nie skielik uit nie – dit word in die meeste gevalle net bietjie vir bietjie dowwer. Die lewensvreugde raak druppeltjie vir druppeltjie minder. En 'n lewe van dankbaarheid raak vlakker en vlakker, totdat dit heeltemal opdroog. Dit veroorsaak weer dat ons bewussyn van God se teenwoordigheid meer en meer vervaag. Jy doen nog alles reg, maar jy raak bewus daarvan dat iets verander het. En juis in daardie stille verskuiwing hoor ons vandag die kragtige wekroep van Paulus in sy brief (Efesiërs 5): "Leef soos kinders van die Lig." "Leef soos kinders van die Lig."

Dit is waaroor Gesang 481 gaan as ons sing: “Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dood.” Hierdie lied is nie net ’n mooi melodie nie; dit is ’n geestelike wekroep. Dit dateer uit Paulus se tyd en later weer oorspronklik in Nederlands geskryf deur ‘n Nederlandse teoloog Petrus Datheen (1857 “Ontwaak, gij die slaapt.”) Dit roep nie mense wat totaal verlore is nie, maar juis gelowiges wat se lig dowwer en dowwer begin skyn. Mense wie se lig nie uit is nie, maar nie meer helder skyn nie. En dit is presies die wêreld van Paulus – en ook ons wêreld vandag.

Efese was ’n stad vol invloede: mag, status, losbandigheid en skewe verhoudings. Dit was ’n wêreld waar mense volgens eie belang en behoefte geleef het. En tog kom Paulus en sê vir hierdie gelowiges: Julle is nie meer duisternis nie – julle is lig in die Here. Daarom moet julle leef soos mense van die Lig. Hierdie oproep gaan baie dieper as blote moraliteit. Dit gaan nie net oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor roeping / identiteit. Wie is ons in Christus?

Hier lê die gevaar wat Paulus raak sien – en wat ons ook ken: die lig word nie skielik donker nie. Dit word net stilletjies dowwer. En een van die eerste tekens daarvan is wanneer dankbaarheid begin verdwyn. Paulus sê ’n lewe in die Gees is ’n lewe van dankbaarheid. Maar dankbaarheid kan maklik oorslaan in ondankbaarheid. En ondankbaarheid maak ’n mens se hart hard. Jy begin fokus op wat jy nie het nie. Jy raak krities. Jy raak teleurgesteld. En daardie teleurstelling word weer bitterheid.

Bitterheid is gevaarlik, want dit hou jou in die donker. Dit steel jou lig sonder dat jy dit besef. Jy sien dit in verhoudings: waar daar eers sagtheid was, kom daar afstand; waar daar eers vreugde was, kom daar spanning. En weer eens gebeur dit nie skielik nie – dit groei stadig. Daarom die dringende oproep: Ontwaak, jy wat slaap!

Tekste: Gesang 410: 2; Gesang 412: 2; 1 Korintiërs 12: 12-31, 1983; Psalm 103, 1983; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 5: 6-20, 1983.
Liedere: Gesang 422: 1-3; Gesang 425: 1-4; Gesang 247 x 2: Gesang 481: 1-3; Gesang 309: 1-3.

---

Paulus roep die gemeente om wakker te word en doelbewus te leef. Hy gebruik die woord “kairos” – die regte tyd, die Godgegewe oomblik. Dit beteken elke dag is vol geleenthede om lig te wees. Maar sien ons dit raak? Of leef ons so gejaagd en gewoond dat ons die oomblikke mis waarin God ons wil gebruik? Om as mense van die Lig te leef, beteken om wakker te wees – nie perfek nie, maar wakker.

Hierdie lewe is egter nie iets wat ons self kan regkry nie. Daarom sê Paulus: Word vervul met die Gees. Sonder die Gees word geloof maklik net godsdiens. Maar met die Gees word dit ‘n lewende verhouding. Dan word dankbaarheid weer natuurlik. Dan word aanbidding eg. Dan begin die Lig weer helder skyn.

En dan bring Paulus hierdie groot waarheid baie naby aan ons. Hy wys dat die Lig sigbaar word in verhoudings. Nie net in die kerk nie, maar in die huis en in die alledaagse lewe. Hy praat oor die verhouding tussen man en vrou,

ouers en kinders, en selfs werkverhoudings. Want dit is waar die Lig getoets word.

In die huwelik, in ’n wêreld waar mans oorheers het, roep Paulus tot ’n nuwe manier van leef: ’n liefde soos Christus se liefde – selfopofferend en dienend. Wanneer die lig hier dof word, gebeur dit deur klein dinge: onvergewensgesindheid, verlies aan respek, emosionele afstand. Maar waar Christus se liefde weer die middelpunt word, begin die lig herstel.

In die gesin roep Paulus kinders tot gehoorsaamheid, maar hy spreek ook die ouers aan: moenie julle kinders verbitter nie. Dit is so belangrik. Selfs goeie gesag kan donker word as dit nie deur liefde gedra word nie. Waar die Lig skyn, word gesinne plekke van genade en groei.

Selfs in die werkplek, in die moeilike konteks van slawerny, bring Paulus ’n nuwe perspektief: werk asof vir die Here, en behandel mekaar met respek, want almal staan onder dieselfde Here. Dit beteken die Lig van

Christus verander selfs die mees alledaagse en moeilike verhoudings.

So kom die vraag vandag na ons toe: Skyn die Lig nog in ons lewens? Nie net in wat ons sê nie, maar in hoe ons leef, hoe ons praat, hoe ons vergewe, hoe ons liefhet. Want die gevaar is nie altyd openlike afvalligheid nie – dit is die stille uitdoof van die Lig.

Daarom hoor ons weer die woorde van Gesang 481: “Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dood.” Dit is ’n oproep tot elkeen van ons. ’n Oproep om weer wakker te word. Om weer intensioneel bewus raak van die liefde van God. Om weer ons harte oop te maak vir die Gees van God.

Gemeente, die wêreld het nie net meer kennis nodig nie. Die wêreld het Lig nodig. Lig wat sigbaar word in dankbaarheid. Lig wat deurbreek in gebroke verhoudings. Lig wat skyn in gewone mense se lewens.

Tekste: Gesang 410: 2; Gesang 412: 2; 1 Korintiërs 12: 12-31, 1983; Psalm 103, 1983; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus teks: Efesiërs 5: 6-20, 1983.
Liedere: Gesang 422: 1-3; Gesang 425: 1-4; Gesang 247 x 2: Gesang 481: 1-3; Gesang 309: 1-3.

---

Mag ons daarom vandag opnuut kies: om wakker te word, om die bitterheid te laat gaan, om dankbaarheid te omhels, en om te leef soos mense van die Lig. Want Christus het opgestaan – en sy Lig skyn. Laat ons dan opstaan… en skyn.

Amen.

## SLOTSANG: Gesang 481: 1-3 ~ Ontwaak jy wat slaap.

## SEËN:

Ek vra vir die God van ons Here, Jesus Christus, en die Vader aan wie alle heerlikheid behoort, om julle te laat deel hê aan die Gees se wysheid. En dat Hy die regte kennis oor God aan julle sal bekendmaak (Efesiërs 1: 17, 2022).

## WEGSENDING: Gesang 309: 1-3 ~ My lewe bly aan U gewy